

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 5 Junie 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Mat 11: 25 – Mat 12: 8.

Fokus: Mat 11: 28-30 (OAV).

Jesus se rus: Leer by Hom om sagmoedig en nederig van hart te wees.

Omgee:

- Hendrik Fritz is nog steeds in Garden City hospitaal en sy toestand is kritiek.
- Danie de Klerk ontvang nog daaglikse bestraling en is al oor die halfpadmerk.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:

- **Erediens** vanaand om 17:30.
- **Ter approbasie** van die gemeente word Arthur en Lettie van Niekerk voorgestel as diakens.

- “**Victory in Jesus Christ**” word beplan vir volgende naweek 10-12 Junie 2016 by Diepkloof in Soweto. Ons vra die gemeente se voorbidding.
- Daar word op 19 Junie 2016 om 09:00 ‘n **Dankseggingsdiens** by ons in Bergbron gehou om vir die Here dankie te sê en om aan Hom al die eer te gee vir dit wat Hy deur die Oorwinnaarsbediening doen. Daar sal geleentheid gegee word vir mense om te getuig en om dit te kom deel wat die Here op hul harte druk.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – **vandag** skink Groep 6, DIAKENS. Volgende Sondag is Groep 1, Susan (Botha), Mariëtte, Annette en Maureen aan die beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Jy kan Help

- Waarnemende Koster gesoek – sê vir enigeen van die kerkraadslede as jy wil help.
- Diakens vra: Komberse en tweedehandse klere – gee vir Carel Cornelissen
- Fonds vir bediening aan kinders van die vervolgte kerk: die fonds is by Geopende Deure begin as die “Lohann en Nicola Briel Ministry” – kry besonderhede by die kerkkantoor. (011 673 9705 of 072 651 8286)



Gebed: Voorbidding...



Imke is drie jaar oud en het Neuroblastoma hoë risiko kanker. Sy ondergaan waarskynlik hierdie week die eerste operasie om die gewas te verwyder, daarna moet sy vir oorplanting van haar beenmurg geopereer word.

Haar ouers is die skokkende nuus meegedeel dat hier in SA nog geen pasiënt die tipe kanker oorleef het nie. Die grootste kans wat sy (medies gesproke) het, is om hulp oorsee te gaan kry, waar daar bewyse is van suksesvolle behandelings op hierdie gebied.

Indien U meer wil weet of selfs voel om 'n finansiële bydrae te maak, kan julle met Gerhard en Susan Botha gesels. Tel. 083 537 9770. Bid asb. saam vir “Godly wisdom, Guidance and Supernatural Divine Intervention.” (Gebedsversoek op FB deur Pappa geplaas)

Toerusting: Gepaste woorde na gister se Heilige Gees kursus:

Die herdenking van die Heilige Gees - Louise Gevers Geneem uit Vers 'n Dag

Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle

gegee het om onder sy leiding te doen. Handeling 2:1-4

LOUISE skryf...ek het die voorreg om hierdie stuk oor die Heilige Gees voor te berei juis in die tyd wat ons as Kerk die uitstorting van die Heilige Gees op daardie eerste gelowiges en die geboorte van die Kerk herdenk. Wat 'n wonderlike gebeurtenis was dit nie! Nadat Jesus in die hemel opgeneem is en die apostels en die vroue op een plek byeen was, word die Heilige Gees op hulle uitgestort soos Jesus belowe het: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, ... *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.*” Handeling 1:4,8

Moet ons verbaas wees dat die Heilige Gees soos tonge van vuur op hulle neergekom het en hulle in staat gestel het om in die tale te praat van die mense uit verskillende nasies wat daar byeen was? Hoe anders kon hulle getuig? Die mense was uiters verbaas om te hoor hoe die dissipels God loof en die blye boodskap van Jesus vir elkeen in sy eie taal verkondig. Elkeen wat al probeer het om 'n vreemde taal aan te leer sal besef dat hierdie geen alledaagse gebeure was nie! Die Heilige Gees bekragtig steeds die Kerk en Pinkster word vandag steeds met vreugde herdenk.

Om, ten spyte van ons swak menslike natuur, God te kan volg moet ons die Heilige Gees persoonlik en intiem ken en moet ons sy krag in ons eie lewens ervaar. Slegs dan sal ons lewens soos dié van die apostels verander word en sal ons vrymoedig wees en aan Christus gehoorsaam. Dit help nie om van sy bestaan bewus te wees of sy kragtige werking in iemand anders se lewe te bewonder nie, of selfs nuuskierig te wonder wie Hy werklik is nie; ons moet elke oomblik van ons lewens 'n lewende verhouding met Hom hê, want Hy is die Een wat ons lewens van die gewone tot die bonatuurlike verander.

Ten spyte daarvan dat hulle Jesus persoonlik geken het, sou die dissipels as gewone mense nie juis ver gekom het nie, maar in die krag van die Heilige Gees kon niks hulle keer nie: nie hulle eie swakheid, godsdienstige of politieke leiers nie – selfs nie eers vrees vir die dood nie. Toe Stefanus, 'n apostel, valslik van godslastering beskuldig is en daar besluit is dat hy gestenig moet word lees ons in Handeling 6:16: "Toe al die lede van die Raad stip na Stefanus sit en kyk, sien hulle dat sy gesig soos dié van 'n engel lyk." Die Heilige Gees is letterlik die krag van God wat die lewens van sy kinders, sy kerk en die wêreld verander.

En so deur sy krag is sy Kerk gebore.

Gebed: Vader, gee dat die krag van die Heilige Gees in die Kerk en in die lewens van gelowiges regoor die wêreld gevier word. Amen

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

Die Lewende Woord vir jou vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Mat 11: 25 – Mat 12: 8.

Fokus: Mat 11: 28-30 (OAV).

Tema: Jesus se rus: Leer by Hom om sagmoedig en nederig van hart te wees.

- As my siel nie in God se rus verkeer nie, raak my vlees besig om vrede te probeer bring in my siel – dan bewerk ek my eie werke deur die vlees (vgl Heb 4: 9, 10).
- Jesus leer vir ons twee sleutelbegrippe om rus te vind vir ons siele, nl nederigheid van hart en sagmoedigheid (Mat 11: 29).
- Wees nederig van hart deur te glo en te vertrou dat God jou onvoorwaardelik aanvaar deur die kruisoffer van Jesus alleen.
- Wees verder sagmoedig deur met 'n surplus of speling te leef in alle areas van jou lewe.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:

- Wat is die oorsprong van vleeslike optredes in kinders van God se lewens?
- Hoe kan jy rus vind vir jou siel?
- Beskryf hoe om nederig van hart te wees.
- Beskryf hoe om sagmoedig te lewe soos Jesus.

Lekker verjaar ...!

Verjaardae vandag en in die week:

05/06	MIEMIE CALITZ	079 102 5468
07/06	NOLENE VAN DER MERWE	072 075 7617
11/06	JACO SNYMAN	083 297 0999
11/06	DIRKIE SNYMAN	071 689 5172

Mag die Here jou oorvloedig seën

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

kantoor@bergbron.org.za